**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**

(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Hersieningsnommer : 1145/2004

In die hersiening van:

**DIE STAAT**

versus

**NJABULO MICHAEL NTSHABA**

**CORAM:** LOMBARD R

**UITSPRAAK GELEWER OP:** 22 JULIE 2004

Die beskuldigde is op 'n pleit van skuldig tereg skuldig bevind dat hy in 250.9 kg dagga handel gedryf het. (o/a 5(b) Wet 140/1992). Hy is gevonnis tot 'n boete van R8 000,00 of 10 maande gevangenisstraf.

Die landdros besef nou dat 'n onbevoegde vonnis opgelê was aangesien ingevolge artikel 17(e) van Wet 140/1992 die oplegging van gevangenisstraf vir 'n oortreding van hierdie betrokke artikel (handeldryf in dagga) gebiedend is.

In die omstandighede word die skuldigbevinding bekragtig maar die vonnis word tersydegestel en die saak word terugverwys vir die oplegging van 'n bevoegde vonnis.

---

**DJ LOMBARD, R**

/Jacobs